

**Woensdag 12 April**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 3:14-21**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 3:16-19**

### **Knielend in gebed vir die kerk**

Waarvoor bid jy om knielend daarvoor te bid? By alles wat as moontlike persoonlike behoeftes genoem sou kon word, styg hierbo uit die gebed van Efesiërs 3:14-21.

Die brief aan die Efesiërs is tydens gevangenskap geskryf (3:1; 4:1). Persoonlike omstandighede as gevolg hiervan is egter nie die inhoud van hierdie gebed nie, maar in toespitsing op die kerk wat sy bestaan aan God die Vader, in Christus en deur die Gees, te danke het. Die kerk is nie deur die mens uitgedink nie, maar is die skeppingswerk van die Drie-enige God.

Dit staan voorop in die eerste hoofdeel van hierdie brief (1:3 – 3:21). Trouens, hierdie deel is eie aan 'n Joodse lofgebed. Diep deurdronge van die lof wat die Vader van ons Here Jesus Christus, inleidend (1:3) en afsluitend (3:20, 21) oor die kerk toekom, het die apostel Paulus – in voortsetting van Efesiërs 3:1 – knielend by voorbidding vir die kerk gebring.

Niemand het dit aan homself te danke om tot hierdie geloofsgemeenskap gereken te word nie. Die eer kom God toe om deur sy genadewerk hiervan deel te mag wees. Die besef hiervan oorspan alle tye en elke gelowige in voorbidding vir die kerk. Die kerk bevind haar in die realiteit van sondegebrokenheid; 'n brose samelewing waarin dit so dikwels verskeurd daaraan kan toegaan en uitsigloosheid kan dreig om te verlam.

Waarvoor is knielend daarvoor vir die kerk – as Gods skeppingswerk in sy genade – te bid? Dit word ons in die hart en mond van die bedes in verse 16-19 gelê: dat ons, die kerk, nog meer in krag deur die gees, gewortel en gegrondves in die liefde vir God en mekaar, in kennis van die omvang van Christus se liefde en in die volheid van God mag groei.

Om voor die Vader in gebed te kniel, is beeldend van 'n bepaalde gesindheid: dié van eerbied, en in die erkenning daarvan dat ons in alles van God afhanklik is. In voorbidding vir die kerk pas dit ons om God die Vader vir sy genadige en kragtige bystand te bid sodat ons aan Hom die eer tot in alle ewigheid kan gee.

*Sing: Skrifberyming 1-1:5*

*Ds. EJ Tiemensma (Eddie) (emeritus)*